



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

---

**2020 FOKUSLESSE**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 12**

**BRONMATERIAAL**

**TAALSTRUKTURE & GEDIGTE**

## LEERWERK OOR TAALSTRUKTURE

Om goed te vaar in Afdeling C van Vraestel 1, moet jy die inligting wat hierna volg, deeglik ken en kan toepas. Jy KAN en MOET dus vir die eksamen oor taalstrukture LEER.

### WOORDESKATUITBREIDING / -ONTWIKKELING EN TAALGEBRUIK

#### Taalverskynsels (PLANKVAT)

##### Pleonasme (Woordoortoligheid)

- ✓ Die onnodige herhaling van woorde in 'n sin waar die betekenis van die een woord alreeds in die ander woord opgesluit is.
- ✓ bv. 'n ronde sirkel; 'n dooie lyk; te voet loop; ek persoonlik; kort mini

##### Leenwoorde (Leengoed)

- ✓ Dit is woorde wat Afrikaans aan ander tale ontleen het.
- ✓ bv. baie, blatjang (Maleis); casanova (Italiaans); ubuntu, stokvel, lapa (Afrikatale); rugby, krieket (Engels); restaurant (Frans); wok (Chinees)

##### Analogie

- ✓ Nuwe woorde en vorme ontstaan **na die voorbeeld van** dié wat reeds bestaan,
- ✓ bv. Na die voorbeeld van **gesing** word verkeerdelik **geverstaan**, **gehersien** en **gebelowe** geskep.

##### Nuutskepping (Neologisme)

- ✓ Dit is **nuwe woorde** wat geskep word om name vir nuwe uitvindings te gee, bv. skandeerder, sellulêre telefoon, tabletrekenaar, flaterwater ("Tipp-ex"); gonswoord ("buzz word"); rymklets/ rymkletser ("rap"/ "rapper"); toepassing / toep/ toepie ("App")

##### Kontaminasie

- ✓ **Twee woorde** of uitdrukkings met min of meer dieselfde betekenis word gemeng om een woord te vorm.
- ✓ bv. aanbetref = (aangaan + betref); afeindig = (afsluit + eindig); verassureer = (verseker + assureer); broodnoodsaaklik = (broodnodig + noodsaaklik)

##### Volksetimologie

- ✓ Uit onkunde of grappenderwys verander mense sommige vreemde woorde sodat dit Afrikaans kan klink en lyk; so word nuwe Afrikaanse woorde gevorm
- ✓ bv. **baiesukkel** en **kosmyniks** (vir die Engelse "bicycle" en "cosmetics"); **oliekolonie** (vir die Franse "eau-de-cologne"); **vir botter of vir wors** (vir die Engelse "for better or for worse")

##### Anglisme

- ✓ Dit is woorde/ uitdrukkings wat na die voorbeeld van Engels gevorm is terwyl daar 'n Afrikaanse alternatief is.
- ✓ bv. *meer interessant* i.p.v. *interessanter*; *interessantste* i.p.v. *mees interessantste*; *ek geniet myself* i.p.v. *ek geniet dit*; *vang die grap* i.p.v. *snap die grap*

##### Toutologie (stapelvorme)

- ✓ Dit is die opeenstapeling van woorde/woorddele met dieselfde betekenis.
- ✓ Dit kom **in een woord** voor.
- ✓ bv. graftombe (graf = tombe); brokstuk (brok = stuk); kabeltou (kabel = tou); kweekgras (kweek = 'n soort gras); damwal (In Nederlands beteken *dam* = *wal*); mandjietjie/meisietjie (= dubbele verkleiningsuitgang); kinders ('n dubbele meervoudsuitgang kom voor, want in Nederlands dui -er alreeds meervoud aan en in Afrikaans word nog 'n -s bygevoeg.)

## BETEKENISLEER (SEMANTIEK)

### Sinonieme

- ✓ Dit is woorde met min of meer dieselfde betekenis
- ✓ Voorbeelde: Die **grot** is donker. Die **spelonk** is baie nou.

### Antonieme

- ✓ Dit is woorde met die teenoorgestelde betekenis.
- ✓ Voorbeelde:
  - Die **arme** bedel kos by die **ryke**.
  - Die werker is **trou** aan sy woord. Die man is **ontrou** aan sy vrou.

### Paronieme

- ✓ Dit is woorde waarvan die **stam** (basisvorm) **dieselfde** is, maar die **spelling** en **betekenis verskil**.
- ✓ Voorbeeld: Ons besittings is **kosbaar**. Die grap is **kostelik**.
- ✓ Skandeer die QR-kode of klik op die skakel om 'n video oor paronieme te sien:  
<https://goo.gl/L8ei2q>



### Poliseme

- ✓ Dit is woorde waarvan die **uitspraak** en **spelling dieselfde** is, maar die **betekenis** verskil. Daar is 'n **verband** is tussen die **oorsprong** van die woorde.
- ✓ Voorbeelde:
  - voet (= onderste deel): Die huis is aan die **voet** van die heuwel geleë. Een van sy skoene maak sy **voet** seer.
  - kruin (= boonste deel): Hy het tot by die **kruin** van die berg geklim. Sy het die **kruin** van sukses in haar loopbaan bereik.
  - skool (= groepering): Die **skool** kom vroeg uit. Die skool sardyne swem vinnig.
  - sport (= trap): Die leer se hoogste **sport** het gebreek. Sy het die hoogste **sport** in haar loopbaan bereik.

### Homonieme

- ✓ Dit is woorde waarvan die spelling en uitspraak dieselfde is, maar die betekenis en oorsprong verskil.
- ✓ Voorbeelde:
  - Hy **kam** sy hare. Die hoenderhaan se **kam** is rooi.
  - **as**: oorblyfsels na 'n brand; onderdeel van 'n motor; indien
  - **by**: insek wat heuning maak; in die nabyheid
  - **eg**: nie vals nie; plaaswerktuig; huwelik

### Homofone

- ✓ Dit is woorde waarvan die **uitspraak** dieselfde is, maar die **spelling** en **betekenis** verskil
- ✓ Voorbeelde:
  - Ons **reis** per trein. Ons eet baie **rys**.
  - **ly** (pyn ervaar) x **lei** (voorloop)
  - **frank** (geldeenheid) x **vrank** (suur smaak)
  - **fonds** (geld) x **vonds** (iets wat gevind is)
  - **end** (beëindig) x **ent** (gedeelte van/stuk pad)

## Doeblette

- ✓ Dit is woorde met dieselfde **vorm** en 'n gemeenskaplike oorsprong, maar met 'n verskil in **betekenis**. Dit word ook **dubbelvorme/ tweelingwoorde** genoem omdat die vorm van die twee woorde baie na mekaar "lyk".
- ✓ Voorbeelde:
  - Die **vleis** is sag gekook. Die gees is gewillig, maar die **vlees** is swak.
  - brosbroos
  - bondel/bundel
  - tabak/twak
  - klerikaal/kerklik
  - kwes/kwets
  - lidmaat/ledemaat
  - prakseer/praktiseer

## Een woord vir 'n omskrywing

- ✓ Voorbeelde:
  - Hy aanvaar dit (sonder voorwaarde) = onvoorwaardelik
  - Hy het (elke dag) geleer = daaglik
  - Die skool het vir (tydperke van tien jaar) nie 'n reünie gehou nie = dekades
  - Ons moes (sonder dat ons iets kon verrig) terugkeer = onverrigtersake

---

## WOORDVORMING (MORFOLOGIE)

- ✓ Stam/basisvorm: kleinste woorddeel waarvan die betekenis in 'n woordeboek opgeteken is
- ✓ **Voorvoegsel**: Dit is 'n woorddeel wat nie selfstandig kan optree nie en vooraan 'n stam of 'n ander woorddeel gevoeg word, bv. **herkou**.
- ✓ **Agtervoegsel**: Dit is 'n woorddeel wat nie selfstandig kan optree nie en agteraan 'n stam of 'n ander woorddeel gevoeg word, bv. **onherbergsaamheid**
- ✓ 'n **Simpleks** is 'n woord wat uit slegs een woorddeel soos die stam/basis bestaan, en nie verder in betekenisvolle dele verdeel kan word nie, bv. **water**, **magistraat**, **skilpad**.
- ✓ 'n **Kompleks** is 'n woord wat uit meer as een woorddeel bestaan soos afleidings, samestellings en samestellende afleidings, en wel verder in betekenisvolle dele verdeel kan word bv. **ondergronds**
- ✓ **Afleiding** dui op die proses (en die resultaat daarvan) waardeur voor- of agtervoegsels by 'n stam of basis gevoeg word om 'n nuwe woord te vorm  
Voorbeelde: werker (werk = stam/basis + -er = agtervoegsel); versilwer (ver- voorvoegsel + silwer (stam/basis); swakkerig (swak = stam + erig = agtervoegsel); verswakking (ver- voorvoegsel + swak = stam + -ing = agtervoegsel)
- ✓ 'n Afleiding bestaan dus uit 'n stam /basis plus minstens een **voorvoegsel** of **agtervoegsel**
- ✓ 'n Samestelling bestaan uit 2 of meer stamme (bv. geelwortelsaad; lewenskets {lewe + skets; wees versigtig vir spelling! Die **n** is 'n verbindingsklank en nie 'n morfeem nie.})
- ✓ **Onthou**: 'n **morfeem het betekenis**; 'n **verbindingsklank het nie betekenis nie – dit verbind slegs die twee stamme met mekaar**.
- ✓ Kern = laaste deel /die "hoofgedagte" van samestelling (bv. geskiedenis**boek**)
- ✓ Bepaler = eerste deel van samestelling (bv. **geskiedenis**boek; **naslaan**boek)

- ✓ 'n **Samestellende afleiding** bestaan uit 2 of meer stamme + **voorvoegsel** en/ of **agtervoegsel** (bv. beplanningsvergadering = be+plan+ing+s+vergader+ing {s = verbindingsklank}; metaalkleurig = metaal + kleur + ig); feeswenke = fees+ wenk+e)
- ✓ **Klinkerwisseling** : nuwe woorde word gevorm deur die klinker van die stam te verander, **bv.** dink – **dunk**; goud - **verguld**; bied – **aanbod**; geniet - **genot**
- ✓ **Betekenis van morfeme**

LW: Skryf slegs die betekenis van die morfeem neer.

ont-	=	berooft van / wegneem (bv. onthoof)
ont-	=	begin (bv. ontkiem)
bio-	=	lewe (bv. biosfeer)
be-	=	voorsien van (bv. beman)
anti-	=	teen/ gekant teen (bv. anti-rugby)
ant-	=	teen (bv. antwoord)
aarts-	=	opperste/ eerste/ oudste (bv. aartsvader)
aarts-	=	baie/ erg (bv. aartslui)
ver-	=	verander van (vervel)
e	=	elektroniese (bv. e-pos)
tele-	=	ver / oor 'n afstand (bv. teleskoop, telefoon)
mis-	=	verkeerd (bv. misverstand, mistasting)
oer-	=	oud/ oudste / eerste (bv. oermens)
sub-	=	onder (bv. substandaard)
ko-	=	saam (bv. koëdschool)
bi-	=	twee (bv. bi-polêr = twee pole)
aëro-	=	lug (bv. aërodinamies)
on-/ a-	=	nie (bv. onmenslik; a-sosiaal)
loos	=	sonder (bv. skouerloos)
wan-	=	verkeerd(e) (bv. wanopvatting)
hiper-	=	bo / bokant / oor (bv. hiperaktief)
oudio-	=	hoor (bv. oudiovisueel)
outo-	=	self (bv. outobiografie)
-aar	=	dui persoon aan (martelaar)
-aard	=	soort persoon (luiaard)
-agtig	=	soos (blomagtig)
-dom	=	versameling (rykdom)
-ery	=	voortdurende handeling (ryery)
-heid	=	dui besit van besondere eienskap aan (mooiheid)
-in	=	vroulik (heldin, vriendin)
-loos	=	sonder (foutloos)

## KLANKLEER

### Vokale (klinkers)

- ✓ Skryf: 5 letters (= a, e, i(ie), o, u(oe soos in **moet** )); uitspraak = 20 klanke



### Diftonge

- ✓ 'n Samesmelting van twee vokaalklanke in dieselfde lettergreep

**ai** (baie); **aai** (kraai); **ei / y** (veil, skyn);  
**eeu** (meeu); **êi** (bedjie, tameletjie)  
**oi** (toiings, hondjie); **ôi** (nôi); **ooi** (mooi)  
**oei** (groei); **ou** (woud); **ui** (kluis)

### Konsonante (medeklinkers)

b; d; gh; h; j; l; ch (China); f; g; k; p; s; m; n; ng; r; w; v; s; sj; t; x; z

### Affrikate (soort konsonante)

- ✓ **ts**: tsetse, tsaar, tsamma ('n woestynplant), Tsjeg, tsotsi
- ✓ **tj**: tjalie; tjello
- ✓ **dj**: kollege; djin ('n bonatuurlike wese)

## KLANKVERSKYNSELS [Almal Kan Kom Kuier Na Ons Op Pêrelberg Vergader (het)]

### Assimilasie

- ✓ Naburige klanke beïnvloed mekaar: *aanpas* word *aampas*; *hoender* word *hoener*; *op die* word *oppie*

### Klankversprying (metatesis)

- ✓ Die r-klank ruil plekke met die klinker in onbeklemtoonde lettergrepe
- ✓ *present* word *persent*; *granaat* word *gernaat*; *materiaal* word *teremiaal*; *turksvy* word *struksvy*

### Klankweglating

- ✓ Klanke word voor, in die middel of agteraan 'n woord weggelaat
- ✓ *lekker* word *leкке*; *woordvoerder* word *woordvoeder*; *apoteek* word *apteeк*

### Klanktoevoeging

- ✓ Klanke word voor, in die middel of agteraan 'n woord gevoeg: *begin* word *begint*;

### Nasalering (en vokalisering)

- ✓ Die vokaal word soos 'n neusklank uitgespreek, *bv. wens*; *ons*

## Ontronding

- ✓ By die uitspraak is die lippe nie gerond nie: *skeer* i.p.v. *skeur*

## Oorroning

- ✓ By die uitspraak is die lippe te veel gerond: *teuspoed* i.p.v. *teëspoed*; *mô* i.p.v. *ma*

## Palatalisasie

- ✓ Dit vind plaas wanneer die g-klank en k-klank as gj (sj) en kj (tj) uitgespreek word.
- ✓ *geel* word *gjeel*; *kerk* word *kjerk*; *bietjie* word *biechie*; *kindjie* word *kinchie*; *kind* word *kjind/tjind*; *gee* word *sjee*; *meisietjie* word *meisiecjie*
- ✓ Nog voorbeelde: gieter, kiekie en ook gjeld; handjie – hainkie; mondjie – moinkie

## Vokaalreduksie (vokaalverswakking)

- ✓ Die vokaal in 'n onbeklemtoonde lettergreep word tot 'n neutrale vokaal [ə] verswak: *patat* word *petat*; *rusie* word *resie*; *portret* word *pertret*;
- ✓ Soms word lang vokale kort uitgespreek: *laat* word *lat*

---

## Klankgrepe:

- ✓ **Klankgrepe** hou verband met hoe 'n mens die klanke uitspreek.
- ✓ **Klankgreepverdeling**: die verdeling van klanke soos 'n woord uitgespreek word
- ✓ Wenk: skryf net wat jy hoor, bv. a-se-blijf (asseblief); har-kie (hartjie)

## Lettergrepe:

- ✓ **Lettergrepe** verwys na een of 'n aantal letters waarin 'n woord by skryf verdeel word.
- ✓ **Lettergreepverdeling** is die verdeling van woorde volgens hoe 'n woord gespel word.
- ✓ Verdeel:
  - voor 'n medeklinkerletter wat tussen klinkers staan, bv. *be-ker*
  - tussen twee medeklinkerletters wat tussen vokale staan, bv. *ek-sa-men*
  - tussen twee eenderse letters, bv. *pa-raf-fien*
  - tussen **n** en **g**, bv. *in-ge-ni-eur*; *an-gel*
  - tussen **s** en **j** as dit aparte klanke verteenwoordig, bv. *as-jas* (*Indien s en j as een klank uitgespreek word, word die twee letters nie verdeel nie, bv. ma-sjen*)

---

## SKRYFTEKENS

- Die **deelteken**
  - Dit dui aan dat twee opeenvolgende vokale nie as 'n diftong uitgespreek moet word nie, maar wel as twee verskillende klinkers. Dit skei dus lettergrepe.
  - **Onthou**: die deelteken word op die **tweede klinker** (van die twee wat geskei word) geskryf. **Voorbeelde**: geëet (ge + eet); beïnvloed (be + invloed); reünie (re + unie); diëte; posseël
  - Waar woorde nie anders uitgespreek kan word nie, word deeltekens nie geskryf nie, bv. beaam, prieel
  - Ander voorbeelde: aëronout; geëien; koöperasie; hidroëlektries; mikroörganisme
- Die **aksenttekens**
  - Die **gravis** (˘) word gebruik in gevalle soos *crèche*, *dè*, *nè*,
  - Die **akuut** (´) word gebruik in gevalle soos *dié*, *attaché*, *cliché*. Die akuut word ook gebruik om beklemtoning aan te dui, bv. *móét*, *sál*, *wóú*, *nóg ...nóg*, *óf ..óf*
- Die **afkappingsteken**
  - In Afrikaans dui dit **meervoud** (en **verkleining**) aan en nie besit nie.
  - Meervoud en verkleiningsvorme van woorde wat eindig op **i**, **o** en **u** en 'n **beklemtoonde a**, bv. **foto's**, **hoera'tjie**, **Hugo's**, **ma's**
  - Meervoude en verkleining van letters, syfers en getalle, bv. **b's**, **l'etjie**, **r'e**
  - Meervoud en verkleining van eiename wat eindig op **e**, **s** of **z** wat in die enkelvoud nie uitgespreek word nie, bv. **Marais's**; **Du Preez'tjie**

- **Die kappie (ê û î ô)**
  - Die kappie word op die vokale/klinkers (e,o,u,i) geplaas wat in 'n oop lettergreep 'n lang gerekte klank het: affêre, sê, rûe, môre, wîe.
  - Die kappie word gebruik wanneer die e-klank in geslote lettergrepe wat op 'n enkelkonsonant eindig, 'n baie lang klankwaarde het, bv.: skêr; sekondêr
- Die **koppelteken**:
  - Vernaamste **rede** vir die gebruik van die koppelteken: om **lees** te **vergemaklik**.
  - **Voorbeelde en spesifieke redes vir die gebruik van die koppelteken**:

Gebruik	Rede
Wes-Kaap	saamgestelde geografiese naam waariin <b>rigting</b> voorkom
gr.12-klas	verbindings met <b>syfers, letters, simbole</b> en <b>afkortings</b>
poot-uit	bepaling van <b>gesteldheid</b>
sing-sing	herhaling
direkteur-generaal	saamgestelde titel (meervoud = <b>direkteurs-generaal</b> )
eeue-oue	opeenvolging van vokale waar verwarring by die uitspraak kan ontstaan (LW: <b>handarbeid</b> word nie met 'n koppelteken geskryf nie)
Groot-Brittanje	saamgestelde <b>geografiese naam</b> wat bestaan uit 'n eienaam plus 'n bepaling wat 'n <b>byvoeglike naamwoord</b> is
ru-koper	om <b>dubbelsinnigheid</b> te vermy
ad hoc-komitee	koppeling met <b>Latynse woordgroepe</b>
Graaff-Reinet	<b>gekoppelde name</b> van dorpe, lande, stede en tale
om <b>twee-uur</b>	dui <b>tydstip</b> aan (teenoor "Dit het <b>twee uur</b> aangehou." wat <b>tydsduur</b> aandui.)

## LEESTEKENS

### Die komma

- ✓ Dit word gebruik voor die voegwoorde *want* en *maar*: *Ek leer hard, want ek wil slaag. Hy oefen, maar sy maats speel net.*
- ✓ By die opnoem van 'n reeks s.nwe., wwe. en b.nwe.
  - *In die winter lyk die populierbome asvaal, deurnat en leweloos.*
- ✓ Tussen twee werkwoorde wat aan verskillende sinsdele behoort
  - *As dit pap reën, moet jy skep.*
- ✓ Dit skei die aanspreekvorm van die res van die sin: *Neelsie, waarom leer jy nie?*
- ✓ Dit skei 'n uitbreiding van die res van die sin: *Jan, ons kranige vleuel, het die wendrie gedruk.*
- ✓ Dit skei 'n ingelaste sin (parentese) van die res van die sin: *Ek sal, as ek dit kan verhelp, dit nooit weer sê nie.*

### Die aandagstreep ( – )

- ✓ Om die leser se aandag te vestig op die inligting wat ná die eerste aandagstreep volg.
- ✓ Die aandagstreep word gebruik om 'n parentese aan te dui, bv. *Die koringoes – wat beter as verlede jaar s'n is – behoort verligting te bring*
- ✓ In die plek van 'n ellipsteken, 'n dubbelpunt of woorde soos **naamlik, te wete, byvoorbeeld** of **soos** gebruik om 'n verduideliking of 'n wending vooraf te gaan, bv. *Ek hou van werk – solank iemand anders dit doen.*

### Die asterisk ( \* )

Dit word gebruik om vir die leser aan te dui dat daar teks of inligting ontbreek.



### Die kommapunt

- ✓ 'n Kommapunt word **tussen twee onafhanklike hoofsinne** gebruik, bv. *Die vereistes van die nuwe wet word elders bespreek; kyk hoofstuk 7.*
- ✓ 'n Kommapunt kan ook **in die plek van 'n voegwoord** gebruik word, byvoorbeeld: *Die diere het baie pyn terwyl ons hulle probeer help; hulle lyding is vreeslik.*

### Die uitroepteken

- ✓ Dit word in die direkte rede gebruik om aan te dui dat die spreker se woorde 'n uitroep, bevel of opdrag is of verbasing, skok en verontwaardiging uitdruk.
- ✓ Dit word ook gebruik om bevele, aanmoedigings of wense uit te druk, byvoorbeeld *Lank lewe die Republiek! of Op die bruidspaar! of God behoed die koningin!*

### Beletselteken / ellipsteken

- ✓ Dit dui aan dat 'n aanhaling onvoltooid is of dat daar 'n lang pouse is, bv. *Ek ... weet nie eintlik nie.*
- ✓ Dit dui ook aan dat letters, woorde of inligting uit 'n teks weggelaat is., bv. *My lieve ...!*
- ✓ Dit vestig die aandag op 'n belangrike deel wat volg, bv. *“Plattelandse leerders se toegang tot geleenthede ... is beperk, maar hulle is minder blootgestel aan sosiale verval.*
- ✓ Dit word gebruik om atmosfeer te skep soos spanning, afwagting, beklemtoning en onsekerheid.
- ✓ Dit dui 'n dramatiese kontras aan.

### Hakies

- Dui verdere of nuwe inligting aan en dit dui ook 'n parentese aan
- Ouderdom kom tussen hakies as dit ná die persoon se naam verskyn. Byvoorbeeld : *Me Liz Marais (35) het in die hof verskyn.*

### Parentese (of inlassin)

- 'n Woord (of sinsdeel) word ingevoeg in 'n sin om ekstra inligting te verskaf. Die parentese kan tussen kommas, tussen aandagstrepe of tussen hakies geplaas word. Byvoorbeeld : *Toe hulle nog saam op skool was – voordat Janus na Gauteng vertrek het – het hulle drie saam gekuier.*

### Dubbelpunt ( : )

- Direkte rede volg na 'n dubbelpunt, bv. *Onderwyser: “ Waar bly jy so lank ? ”*
- Voor 'n lys artikels wat opgenoem word : *Ek moet die volgende koop: seep, sonbrandolie, koeldrank, seepoeier, maalvleis, melk en brood.*
- Voor 'n verduideliking. *Hier volg die instruksies vir die laai van jou selfoon se lugtyd: ...*
- Om te beklemtoon: *Daar is net een ding wat ek nie verstaan nie: ons weer!*

### Aanhalingstekens ( “ ” )

- Om iemand se direkte woorde aan te dui: *“ Christien, ek moet met jou praat. ”*
- Wanneer 'n gedeelte uit 'n gedig of leesstuk aangehaal word.
- Wanneer woorde uit 'n ander taal gebruik word: *Vandag gaan julle 'n stuk lees wat met “ radical honesty ” te make het.* (Somtyds word hierdie gedeeltes gekursiveer.)
- Om die aandag op 'n woord/begrip te vestig: *Die woord “groen” is deesdae 'n modewoord.*
- *Enkelaanhalingstekens word gebruik wanneer daar 'n aanhaling binne 'n aanhaling voorkom, bv. Hy sê: “Toe ek om die hoek stap, vra iemand: "Waarheen gaan jy?" ”.*
- Soms gebruik 'n mens aanhalingstekens om te wys dat iets ironies bedoel word. Byvoorbeeld: *Die inbreker is "liefdevol" aan die kraag uit die huis begelei.*

## Die uitroepeteken

- Die algemeenste gebruik is in die direkte rede. Dan word 'n uitroepeteken gebruik om aan te dui dat die betrokke spreker se woorde 'n uitroep is of verbasing, skok, verontwaardiging en so meer uitdruk.
- Dit word ook gebruik om bevel/opdragte, aanmoedigings of wense uit te druk, byvoorbeeld *Lank lewe die Republiek!* of *Op die bruidspaar!* of *God behoed die koningin!*

---

## WOORDSOORTE \*

Wanneer woorde deel van 'n sin vorm, kry dit funksie en betekenisinhoud. 'n Grondige kennis van woordsoorte is noodsaaklik om goed te kan spel en skryf. As jy byvoorbeeld weet dat *Afrikaans* 'n eienaam is, weet jy dat dit met 'n hoofletter geskryf word (want eienaam word met hoofletters geskryf). As jy weet dat *verafrikaans* 'n werkwoord is, weet jy dat dit met 'n kleinletter geskryf word (want werkwoorde word met kleinletters geskryf)

'n Woord kan in een geval as werkwoord optree en in ander geval as 'n selfstandige naamwoord. Kyk na die volgende voorbeelde :

Die skilpad se *dop* is baie hard. ( s.nw ) Die student *dop* sy eksamen. ( ww. )

Hy vertel 'n *grap*. ( s.nw ) Jy *grap* seker. ( ww. )

## Werkwoord (ww.)

<b>Betekenis:</b>	Gewoonlik een of ander aksie of proses (al kan dit soms abstrak wees)
<b>Toets(e):</b>	1. Kan jy <b>hy</b> of <b>sy</b> voor die woord gebruik (m.a.w. kan iemand dit doen/ uitvoer)? 2. Het die woord 'n verledetydsvorm?
<b>Voorbeeld:</b>	• <i>speel</i> > <i>Hy speel; het gespeel</i>
<b>Soorte:</b>	<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Hoofwerkwoord/ Selfstandige werkwoord</b><ul style="list-style-type: none"><li>○ <b>Oorganklike hoofwerkwoord</b> = met 'n voorwerp in die sin (<i>Hy eet pap; Sy kweek groente</i>)</li><li>○ <b>Onoorganklike hoofwerkwoord</b> = sonder 'n voorwerp in die sin (<i>Hy eet lekker; Sy stap graag</i>)</li><li>○ <b>Deeltjewerkwoorde</b> = skeibare werkwoorde (<i>Hy eet sy pap op - Hy sal sy pap opeet</i>) [Wenk: As jy gevra word om 'n skeibare ww. geskeid in 'n sin te gebruik, moet jy die tyd van die sin verander, bv. teenwoordige tyd na toekomstige tyd]</li></ul></li><li>• <b>Koppelwerkwoord</b> = koppel die onderwerp aan 'n eienskap / <b>Koppel met die s.nw. of die b.nw.</b> (<i>Hy word 'n onderwyser (s.nw); Sy is skatryk (b.nw)</i>) (<i>is/was, word; lyk; skyn; blyk; ens.</i>)</li><li>• <b>Hulpwerkwoord van tyd</b> = <b>het</b> (<i>verlede tyd</i>)- <i>Hy het sy pap geëet. sal</i> (<i>toekomstige tyd</i>) - <i>Hy sal eet.</i></li><li>• <b>Hulpwerkwoord van vorm</b> (die lydende vorm) = <b>is</b> en <b>word</b>. <i>Die kos word geëet. Die kos is geëet.</i></li><li>• <b>Hulpwerkwoord van wyse</b> = <i>kan; mag; moet; sal; wil; laat; gaan</i> (<i>Hy moet sy pap eet; Sy wil graag groente kweek; Ek mag so sê</i>).</li></ul>

## Deelwoorde

- ✓ Soos die naam aandui, is 'n deelwoord eintlik 'n woord wat deels 'n werkwoord en deels 'n ander woordsoort is. Dit kan as 'n s.nw., of b.nw., 'n bywoord of 'n ander werkwoord gebruik word.
- ✓ Daar is twee soorte deelwoorde: voltooide (verlede) en onvoltooide (teenwoordige).
- ✓ **Teenwoordige (Onvoltooide) deelwoorde**
  - Ons gebruik teenwoordige deelwoorde as die aksie nog besig is om plaas te vind. Ons voeg dan **-ende** of **-end** aan die einde van die woord. Byvoorbeeld:
    - Sy is **horende** doof.
    - Afrikaans is 'n **beskrywende** taal.
- ✓ **Verlede (voltooide) deelwoorde**
  - Wanneer die aksie reeds plaasgevind het, vorm 'n mens die deelwoord deur **ge-** vooraan en **-de**, **-te** of **-e** agter aan die woord te voeg.
  - Daar is twee soorte **verlede** deelwoorde: **Swak – en sterk verlede deelwoord**
  - **Sterk verlede deelwoorde** kry gewoonlik 'n klankverandering. Byvoorbeeld: *Hulle woon in 'n **gesogte** woonbuurt.*
  - Die **swak verlede deelwoorde** kry nie 'n klankverandering nie en word meestal in 'n letterlike betekenis gebruik, bv. *Die **gesoekte** misdadiger is nog nie gevind nie.*
  - As die woord op **k** of **p** eindig, kry dit **ge+te**. Byvoorbeeld: *(kook) water word **gekookte** water;*
  - As die woord op **f**, **g** of **s** eindig, kry dit **ge+-te** of **ge- + -de**. Byvoorbeeld:
    - *(afstof) boekrak word **afgestofte** of **afgestofde** boekrak*
    - *(droog) vrugte word **gedroogte** of **gedroogde** vrugte*

## Bywoord (bw.)

<b>Betekenis:</b>	Beskryf die ww., 'n b.nw., 'n ander bw. of 'n telw.
<b>Toets(e):</b>	1. Beantwoord dit die vraag: "Hoe <b>ww./b.nw.</b> ? 2. Sommiges kan trappe van vergelyking neem.
<b>Voorbeelde:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>vinnig &gt; Hy <b>hardloop vinnig</b> (Hoe hardloop hy? <b>vinnig</b>)</i></li> <li>• <i>besonder &gt; Sy is <b>besonder</b> mooi (Hoe mooi is sy? <b>besonder</b>)</i></li> </ul>
<b>Soorte:</b>	Daar is verskillende soorte bywoorde, waaronder: <ul style="list-style-type: none"> <li>• bywoord van <b>tyd</b> [<b>wanneer?</b>] (<i>môre; gister</i>)</li> <li>• bywoord van <b>plek</b> [<b>waar?</b>] (<i>hier; daar</i>)</li> <li>• bywoord van <b>wyse</b> [<b>hoe?</b>] (<i>vinnig; trapsgewys</i>)</li> <li>• bywoord van <b>graad</b> (<i>besonder; baie; erg</i>)</li> <li>• bywoord van <b>modaliteit</b> (<i>dalk, darem, onmoontlik, beslis, asseblief</i>)</li> </ul>
<b>Bywoorde wat van ander woordsoorte afgelei is:</b>	
rug – ruggelings; beurt – beurtelings; speel – spelenderwys; gemak – gemakshalwe berg – bergwaarts; groot – grootliks	
<b>Bywoorde in vaste verbindings:</b>	
Bywoorde en werkwoorde vorm dikwels vaste "pare", byvoorbeeld: reikhalsend uitsien; terdeë geniet; plegtig belowe; rondborstig erken; mildelik bydra	

### Selfstandige naamwoord (s.nw.)

<b>Betekenis:</b>	Gewoonlik een of ander ding, persoon, plek, saak, eienskap of gebeurtenis. (kan konkreet of abstrak wees)
<b>Toets(e):</b>	1. Kan daar 'n <b>die</b> of ' <b>n</b> voor die woord staan? 2. Het die woord 'n meervouds- of verkleiningsvorm?
<b>Voorbeelde:</b>	<i>stoel</i> > <i>die stoel, stoele, stoeltjie(s)</i> ; <i>hondehok</i> > 'n <i>hondehok, hondehokke</i>
<b>Soorte:</b> (SEMMAVyf)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Soortnaam</b> = konkrete dinge wat getel kan word (<i>stoel; hondehok</i>)</li> <li>• <b>Eienaam</b> = spesifieke persone, plekke, organisasies, publikasies, ens.; neem gewoonlik nie meervoud nie (<i>Oranjerivier; Microsoft; Die Burger</i>)</li> <li>• <b>Massanaam</b> = goed wat eintlik nie getel kan word nie; neem meestal nie meervoud nie (<i>vleis; goud</i>)</li> <li>• <b>Maatnaam</b> = beskryf 'n afgemete deel van 'n massanaam (<i>twee kilogram vleis; 'n sak goud</i>)</li> <li>• <b>Abstrakte selfstandige naamwoord</b> = ontasbare dinge (<i>liefde; godsdiens; vriendskap</i>)</li> <li>• <b>Versamelnaam</b> = beskryf 'n groep soortname (<i>skool visse; trop skape</i>)</li> </ul>
<b>Verkleining van woorde wat op –ng eindig</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>✓ Eenlettergrepige woorde soos ring, ding, kring: kry <b>–etjie</b> (ringetjie, dingetjie, kringetjie)</li> <li>✓ Meerlettergrepige woorde soos koning, piesang, vergadering: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Trek <b>g</b> deur; skryf <b>k</b> in plek daarvan neer.</li> <li>• Voeg <b>–ie</b> agteraan.</li> <li>• Dus: koning; konink; konink<b>ie</b>✓ [koning=konink<b>ie</b>; konings=konink<b>ies</b>] vergadering; vergaderink; vergaderink<b>ie</b> [vergaderings=vergaderink<b>ies</b>]</li> <li>• <b>Moenie die meervoud vergeet nie.</b></li> </ul> </li> </ul>	
<b>Selfstandige naamwoorde wat van ander woorsoorte afgelei is, byvoorbeeld:</b>	
skiet – skut; bou – bouer; gryp – greep; breed – breedte; senior – senioriteit; kweek – kwekery	
<b>Selfstandige naamwoorde in vaste verbindinge, byvoorbeeld:</b>	
jou moses teëkom; deurslag gee; die aftog blaas; 'n geskil besleg; die draak steek (met); agterdog wek	

### Lidwoord (lw. / lidw.)

<b>Betekenis:</b>	Bepaal 'n naamwoord
<b>Toets(e):</b>	1. Is dit <i>die</i> of ' <i>n</i> ?
<b>Voorbeelde &amp; Soorte:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>die</i> (Bepaalde lidw.)</li> <li>• '<i>n</i> (Onbepaalde lidw.)</li> </ul>


## Byvoeglike naamwoord (b.nw.)

<b>Betekenis:</b>	Beskryf 'n eienskap van 'n selfstandige naamwoord of voornaamwoord
<b>Toets(e):</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Kan dit voor 'n naamwoord staan, asook ná die koppelwerkwoord en steeds iets sê oor die naamwoord?</li> <li>2. Het die woord trappe van vergelyking?</li> </ol>
<b>Voorbeelde:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>kort</i> &gt; 'n <i>kort rok</i> - <i>die rok is kort</i>; <i>kort</i> - <i>korter</i> - <i>kortste</i></li> <li>• <i>opgewonde</i> &gt; <i>die opgewonde gehoor</i> - <i>die gehoor is opgewonde</i>; <i>opgewonde</i> - <i>meer opgewonde</i> - <i>die mees opgewonde</i></li> </ul>
<b>Soorte:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Attributief</b> = staan <b>voor</b> die naamwoord ('n <i>kort rok</i>; <i>die opgewonde gehoor</i>)</li> <li>• <b>Predikatief</b> = staan <b>ná</b> die naamwoord; volg gewoonlik ná 'n koppelwerkwoord (<i>die gehoor is opgewonde</i>; <i>Dit raak/ word/ is/lyk donker</i>)</li> </ul>
<b>Verbuiging van die byvoeglike naamwoord</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Attributiewe byvoeglike naamwoorde word soms deur middel van 'n agtervoegsel verbuig. Byvoorbeeld : <i>Hoë (hoog) bome. Die lae (lag) brug.</i></li> <li>• Die verboë vorm verkry soms 'n figuurlike betekenis, byvoorbeeld <i>duur geskenk / dure ondervinding, grys hare / gryse verlede, nou bergpas / noue ontkoming</i></li> </ul>	
<b>Byvoeglike naamwoorde in vaste verbindings, byvoorbeeld:</b>	
jou <b>dure</b> plig; die <b>gryse</b> verlede	

## Intensiewe vorme

- ✓ Intensiewe vorme is byvoeglike naamwoorde in die versterkende graad.
- ✓ Moenie verwar met trappe van vergelyking nie!
- ✓ Onthou: Ons skryf hierdie vorm altyd vas (as een woord), behalwe by **wawyd oop** en **nugter wakker**.
- ✓ Skryf jou antwoord só neer dat die nasiener nie moet twyfel of dit los of vas geskryf is nie.
- ✓ Voorbeelde: doodhonger; wondermooi; hemelhoog; plankdun; rietskraal; windskeef; broodnodig; propvol; stampvol; dolgelukkig; engelrein.
- ✓ Skenk aandag aan die verboë vorm, bv. 'n hemelhoë boom

## Trappe van vergelyking



- ✓ In die meeste gevalle word die **vergroterende** trap deur **-er** en die **oortreffende** trap deur **-ste** gevorm.
- ✓ Woorde op **e-uitgang** kry **meer** en **mees**
- ✓ Gee **net** die antwoord; die eerste een word nagesien
- ✓ Jy moet die antwoorde korrek spel, bv. woesste [**eindig op 'n -s, begin met 'n -s**]
- ✓ Woorde wat eindig op "-vol" se trappe van vergelyking is "-voller" en "-volste", bv. **kleurvol – kleurvoller – kleurvolste**
- ✓ Dubbele trappe van vergelyking (**mees** interessantste, **meer** bekender) is **verkeerd**.

#### Onreëlmatige trappe van vergelyking:

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
graag	liewer	(die) graagste
bietjie/weinig	minder	die minste
kwaad	kwater	die kwaadste
nuut	nuwer	(die) nuutste

#### Voornaamwoord (vnw.) [ **B** **P** **B**ou **A**lle **O**nderdele **O**orsee **W**aar **W**erkers **V**innig (is)]

<b>Toets(e):</b>	1. Persoonlike voornaamwoord: Kan dit in die plek van 'n naam staan? 2. Besitlike voornaamwoord: Kan dit in die plek van "X se" staan?
<b>Voorbeelde:</b>	• <i>hy, haar &gt; haar boek</i>
<b>Soorte:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Besitlike voornaamwoord</b> = <i>my/myne; sy/syne; haar/hare; ons; julle; hulle</i></li> <li>• <b>Persoonlike voornaamwoord</b> = <i>ek; jy; hy; sy; dit; ons; julle; hulle</i></li> <li>• <b>Betreklike voornaamwoord</b> = <i>wat; wie; wie se</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ <b>WIE</b> kan slegs saam met 'n <b>voorsetsel</b> gebruik word of in 'n vraag en dan verwys dit altyd na mense bv. Die man <u>met WIE</u> ek praat, is my oom.</li> <li>○ Gebruik altyd die voornaamwoord <b>WAT</b> as dit op mense, diere of dinge betrekking het, bv. Die man <u>WAT</u> daar loop, is siek.</li> </ul> </li> <li>• <b>Aanwysende voornaamwoord</b> = <i>hierdie; daardie; dié; sulke</i></li> <li>• <b>Onbepaalde voornaamwoord</b> = <i>niemand; iets;</i></li> <li>• <b>Onpersoonlike voornaamwoord</b> = <i>dit (bv. Dit reën; natuurverskynsels)</i></li> <li>• <b>Wederkerende voornaamwoord</b> = Bv. Ek skaam <b>my</b>. Hy misgis <b>hom</b>. <i>myself; jouself; homself;</i></li> <li>• <b>Wederkerige voornaamwoord</b> = <i>mekaar</i> - Hulle groet <b>mekaar</b>; Die paartjie gee mekaar die regterhand [Onthou: meervoud]</li> <li>• <b>Vraende voornaamwoord</b> = <i>wie; wat; wanneer; waarom; hoekom</i></li> </ul>

#### Telwoord (telw.)

<b>Betekenis:</b>	Dui aantal of rangorde aan
<b>Toets(e):</b>	1. Kan jy dit in syfers uitdruk? Hoofotelwoord (Onbepaalde hoofotelwoorde kan nie in syfers uitgedruk word nie.) 2. Dui dit 'n rangorde aan? Rangtelwoord.
<b>Voorbeelde:</b>	• <i>sewentien &gt; 17; derde &gt; 3de</i>
<b>Soorte:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Hoofotelwoorde</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ <b>Bepaalde hoofotelwoord</b> = <i>een; twee; drie; ...</i></li> <li>○ <b>Onbepaalde hoofotelwoord</b> = <i>baie; talle; horde</i></li> </ul> </li> <li>• <b>Rangtelwoorde</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ <b>Bepaalde rangtelwoord</b> = <i>eerste; tweede; derde; ...</i></li> <li>○ <b>Onbepaalde rangtelwoord</b> = <i>laaste; soveelste</i></li> </ul> </li> </ul>

## Tussenwerpsel

<b>Sinoniem:</b>	Uitroep
<b>Betekenis:</b>	'n Uitroep of uiting wat alleen kan staan. Dit druk emosie (verbasing, blydskap, hartseer, pyn, ensovoorts) uit.
<b>Toets(e):</b>	1. Kan die woord alleen staan in 'n sin? 2. Kan die woord gevolg word deur 'n uitroepsteken of ellipsteken?
<b>Voorbeelde:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Eina!</i> ; <i>Sjoe!</i> ; <i>Uhm ...</i> ; <i>Wow!</i></li> </ul>
<b>Funksies:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• "Jitte!" druk <b>verbasing</b> uit.</li> <li>• "Foeitog!" druk <b>bejammering</b> uit.</li> <li>• "Eureka!" is 'n triomfantlike uitroep van <b>ontdekking</b>.</li> <li>• "Hiert!" word gebruik om <b>skok</b> of om <b>verwondering</b> uit te druk.</li> </ul>

## Voegwoord (voegw.)

<b>Betekenis:</b>	Skakel twee sinne of sinsdele aan mekaar
<b>Toets:</b>	Kan jy twee sinne vorm as jy die voegwoord verwyder?
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Hy staan vroeg op, <b>dog</b> sy broer slaap laat.</i> (Let op die komma voor en die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Hy staan vroeg op. Sy broer slaap laat.</i>]</li> <li>• <i>Hy is nie slim nie; <b>tog</b> presteer hy baie goed.</i> (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Hy is nie slim nie. Hy presteer baie goed.</i>]</li> <li>• <i>Sy kan nie optree nie, <b>aangesien</b> sy met vakansie is.</i> (Let op die komma voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Sy kan nie optree nie. Sy is met vakansie.</i>]</li> <li>• <i>Ek gaan dit nie doen nie, <b>tensy</b> jy my help.</i> (Let op die komma voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord. Let ook op dat die eerste deel van die sin negatief/ontkennend is en die tweede deel positief. <i>tensy</i> = behalwe as) [Sinne: <i>Ek gaan dit nie doen nie. Jy help my.</i>]</li> <li>• <i>Jy moet jou werk leer, <b>tensy</b> jy nie wil slaag nie.</i> (Let op dat die eerste deel van die sin positief en die tweede deel negatief/ontkennend is.) [Sinne: <i>Jy moet jou werk leer. Jy wil nie slaag nie.</i>]</li> <li>• <i>Hy is nie siek nie; <b>intendeel</b>, hy is perdfris.</i> (Let op die kommapunt voor en die komma asook die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Hy is nie siek nie. Hy is perdfris.</i>]</li> <li>• <i>Hy was siek; <b>nogtans</b> het hy gespeel.</i> (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Hy was siek. Hy het gespeel.</i>]</li> <li>• <i>Sy motor het gebreek; <b>derhalwe</b> kon hy nie die funksie bywoon nie.</i> (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Sy motor het gebreek. Hy kon nie die funksie bywoon nie.</i>]</li> <li>• <i>Hy is voor op die wa; sy broer, <b>daarenteen</b>, is baie beskeie.</i> (Let op die plasing van die leestekens en die woordorde) [Sinne: <i>Hy is voor op die wa. Sy broer is baie beskeie.</i>]</li> <li>• <i>Sy het niks oor die toets gesê nie; <b>trouens</b> sy wil nie daarvoor praat nie.</i> (Let op die kommapunt voor en die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: <i>Sy het niks oor die toets gesê nie. Sy wil nie daarvoor praat nie.</i>]</li> <li>• <i>Dit het gereën; <b>gevolglik</b> kon ons nie buite speel nie.</i> [Sinne: <i>Dit het gereën. Ons kon nie buite speel nie.</i>]</li> </ul>	

\* Inligting oor Woordsoorte is gedeeltelik van *Beter Afrikaans* verkry.

## Verbindingswoorde

- ✓ 'n Verbindingswoord is 'n woord of frase wat verskillende sinne of sinsdele aan mekaar verbind
- ✓ Woorde wat **chronologiese verloop** aandui: eerste / eerstens, tweede/ tweedens, voordat, nadat, wanneer, later, totdat, ter afsluiting, volgende, tans, voorheen, agterna
- ✓ Woorde wat 'n **verduideliking / oorsaak en gevolg** aandui: daarom, gevolglik, omdat, hieroor, aangesien, as gevolg van, toe te skryf aan, dus, daaruit volg dat
- ✓ Woorde wat **proses** aandui: eerste / eerstens, tweede / tweedens, derde / derdens
- ✓ Woorde wat **vergelyk** en **teenstellings** (kontras) aandui: dergelik, ooreenkomstig, verskillend, kleiner as, nogtans, maar
- ✓ Woorde wat **orde van belangrikheid** aandui: altyd, ter afsluiting
- ✓ Woorde wat **ruimte-oriëntering** aandui: bo, onder, links, regs
- ✓ Woorde wat **veralgemening** aandui: oor die algemeen, deur die bank
- ✓ Woorde wat op **die standpunt** dui: volgens my, na my mening, myns insiens
- ✓ Woorde wat op **klassifikasie** dui: is 'n voorbeeld van, ressorteer onder, is deel van, inpas by, word gegroepeer met, is verwant aan
- ✓ Woorde wat op **beskrywing** dui: grootte, kleur, vorm, breedte, massa, lyk na
- ✓ Woorde wat op **evaluering** dui: goed, sleg, reg, verkeerd, belangrik, onbeduidend
- ✓ Woorde wat op **definisie** dui: word omskryf as, word gedefinieer as
- ✓ Woorde wat op **samevatting** dui: om saam te vat, om op te som, kortliks

---

## SINSLEER

- ✓ **Enkelvoudige** sin
  - In sy basiese vorm bestaan dit uit 'n **onderwerp**, 'n **voorwerp** en **een gesegde**
  - Gesegde: die handeling wat plaasvind; Onderwerp: wie die handeling uitvoer; Voorwerp: wie/wat die handeling ondergaan
  - Dit kan deur middel van **bepalings** uitgebrei word.
- ✓ 'n **Saamgestelde** sin bestaan uit **een hoofsin** plus 'n **bysin/ bysinne**.
- ✓ 'n **Veelvoudige** sin bestaan uit **twee of meer hoofsinne**.

## Byvoeglike bepaling

- Een woord of groep woorde sonder 'n werkwoord/ werkwoordelike deel;
- Meer inligting oor onderwerp of voorwerp (naamwoord)
- **Wenke:** As jy gevra word om 'n sin met 'n **byvoeglike bepaling** uit te brei:
  - Begin deur die woord "**met**" onmiddellik na die onderwerp of voorwerp te skryf, byvoorbeeld *Die man lees 'n boek.*      *Die man ~~met die~~ groen trui lees 'n boek.*
  - Skryf 'n byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord, byvoorbeeld: *Die seun eet appels.*      *Die **stout** seun eet appels.*

## Bywoordelike bepaling

- Een woord of groep woorde sonder 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- Meer inligting oor gesegde/ werkwoordelike deel: **hoe? wanneer? waar? waarom? in watter mate?**
- Onthou: bywoordelike bepaling moet een van bg. vrae beantwoord  
*bv. Die seun eet appels **gulsig**. (hoe)*  
*Die seun eet **elke dag** appels. (wanneer)*  
*Die seun eet appels **by die huis/buite**. (waar)*  
*Die seun eet appels **vir die lekkerte**. (waarom)*



### Byvoeglike bysin

- ✓ 'n Groep woorde met 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die onderwerp of die voorwerp van die hoofsin uit, bv. Die man **wat daar loop**, is my oom.
- ✓ **Wenk:** As jy gevra word om 'n sin met 'n byvoeglike bysin uit te brei, begin met die woord "wat", bv. Die man wat die groen trui dra, lees 'n boek.

### Bywoordelike bysin

- ✓ 'n Groep woorde met 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die gesegde van die hoofsin uit: **wanneer? waar? waarom? hoe?**
- ✓ Onthou: die bywoordelike bysin moet een van bg. vrae beantwoord
- ✓ Bv. Die seun eet appels **terwyl die son skyn.** (wanneer)  
Die seun eet appels **waar niemand hom sien nie.** (waar)  
Die seun eet appels **omdat hy daarvan hou.** (waarom)

**Gesegdesin:** As die hoofsin se gesegde 'n koppelwerkwoord is, is die bysin 'n gesegdesin, bv. Dit lyk (koppelww.) = hoofsin; of hy die skelm is = gesegdesin.

### Onderwerpsin

- ✓ Dit is 'n bysin wat in sy geheel as onderwerp van die hoofsin optree, bv. **Wat jy doen**, is nie altyd reg nie.
- ✓ As DIT die onderwerp van die hoofsin is en die bysin kan in die plek van DIT gelees word, is die bysin ook 'n onderwerpsin, bv.  
Dit is onmoontlik **dat ek met Afrikaans kan sukkel.**

↓  
**Onderwerpsin**

### Voorwerpsin

- ✓ Die bysin tree as voorwerp van die sin op, bv.  
Hy dink hy sal slaag.  
**Onderwerp Gesegde Voorwerpsin**
- ✓ Wanneer 'n vraagsin met WAT van die hoofsin gevorm word en die bysin is 'n antwoord op die vraag, is die bysin 'n voorwerpsin, bv. Sy vra (**wat?**) hoe laat hulle kom. = Die onderstreepte sinsdeel is die **voorwerpsin**.

### Ontkennende vorm

- ✓ In Afrikaans gebruik ons die dubbele *negatief*, bv. Ek gaan **nie** nou slaap **nie**. Die woorde **geen, g'n, nooit, niks, niemand, nêrens en geneen** kry ook 'n **nie** aan die einde van die sin, bv. **Niemand** kom by ons kuier **nie**.
- ✓ Onthou: As jy 'n vraagsin in die ontkennende vorm moet skryf, moet jou antwoord ook 'n vraagsin wees. Die sin: **Het jy al ooit so iets gesien?** word in die ontkennende vorm: **Het jy nog nooit so iets gesien nie?**
- ✓ Leer die volgende veranderinge:

al/ reeds/ alreeds	nog nie
ooit	nooit
al ooit	nog nooit ... nie
êrens	nêrens
altyd	nie altyd nie OF nooit... nie
nog/steeds	nie meer nie
óf...óf	nóg... nóg
alles	niks nie/ nie alles... nie
al iets	nog niks nie

- ✓ **BELANGRIK:** Moenie **NIE** saam met werkwoorde soos **belet, keer, voorkom, verbied, verhinder** en **verhoed** gebruik nie, bv. Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak afruk.  
[VERKEERD: Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak **nie** afruk **nie.** x **EN** Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak afruk **nie.** x]

### Direkte en Indirekte Rede

- ✓ Die Direkte Rede bevat 'n persoon se **direkte woorde presies** soos hy/sy dit gesê en bedoel het.
- ✓ Die Indirekte rede is 'n **oorvertelling** van **presies** wat 'n persoon gesê en bedoel het :  
DIE BETEKENIS VAN DIE SIN BLY DUS DIESELFDE.

### Hoe om van die Direkte na die Indirekte Rede oor te skryf:

1. Behou die tydsvorm **voor die dubbelpunt.**
2. Sit die voegwoord "dat" by. (OPSIONEEL). **Indien "dat" bygevoeg word, staan die werkwoord laaste.**
3. Laat die dubbelpunt en die aanhalingstekens weg.
4. Verander die woorde wat moet verander:

ek, jy, jou	<b>VERANDER NA</b>	hy/sy/haar
ons / julle		hulle
gister		die vorige dag
môre/ oormôre		die volgende dag/ twee dae later
vandag		daardie dag
verlede week		die vorige week
môreoggend		die volgende oggend
hierdie		daardie
ons s'n, julle s'n		hulle s'n
volgende jaar		die jaar daarna
eergister		twee dae gelede/ tevore
Nou		Toe
myne/joune		syne/hare
verlede jaar		die vorige jaar

5. Voeg woorde in wat nodig is sodat die sin reg kan lees.
6. Sorg dat die woordorde reg is.

### Lydende (passief) en bedrywende (aktief) vorm

- ✓ **Onthou: Die Bedrywende** vorm begin met die onderwerp van die sin, bv. Jan (= die onderwerp) eet 'n appel.  
**Die Lydende vorm** begin met die voorwerp van die sin, bv. 'n Appel (= die voorwerp) word deur Jan geëet
- ✓ Die nuwe sin se **betekenis** en **tyd** moet dieselfde bly.
- ✓ Voorwerp en onderwerp ruil posisies

✓ **Wenk: Gee aandag aan die omskakeling van veral die gesegdes:**

	<b>Bedrywende vorm</b>	<b>Lydende vorm</b>
Teenwoordige tyd:	Ek <b>eet</b> 'n appel.	'n Appel <b>word</b> deur my <b>geëet</b> .
Verlede tyd:	Ek <b>het</b> 'n appel geëet.	'n Appel <b>is</b> deur my <b>geëet</b> .
Toekomende tyd:	Ek <b>sal</b> 'n appel eet.	'n Appel <b>sal</b> deur my <b>geëet word</b> .

- ✓ Indien jy 'n sin wat in die **verlede tyd** staan in die **lydende vorm** moet skryf, moet jy **ALTYD** die werkwoord **is** gebruik. (Die seuns **het** gatsbys **geëet**. Gatsbys **is** deur die seuns **geëet**.) **Gatsbys is geëet deur die seuns. = x**
- ✓ As daar in die bedrywende vorm nie 'n direkte voorwerp is nie, moet jy in die lydende vorm met **DAAR** begin, bv. Die kinders werk. **DAAR** word deur die kinders gewerk.

**Stappe:**

- 1) Bepaal wat die Onderwerp, Gesegde en Voorwerp van die gegewe sin is (Dui dit aan met O, G en V).
- 2) Bepaal in watter TYD die gegewe sin geskryf is (Die tyd word deur die gesegde aangedui).
- 3) Skryf die sin in die ander vorm deur die O en V plekke te laat ruil.
- 4) Sorg dat die "nuwe" sin se **betekenis** en **tyd** dieselfde is as dié van die gegewe sin.
- 5) Onthou om "is" te gebruik as jy 'n sin wat in die verlede tyd staan, in die lydende vorm moet skryf.
- 6) Maak seker dat die "nuwe" sin se woordorde korrek is.

**Sinswyse**

**Onbepaalde wyse (Infinitief)**

- ✓ Dit is die vorm van die selfstandige werkwoord wat nie altyd spesifiek aandui dat die handeling deur iets of iemand verrig word nie. Die infinitief word gewoonlik **ná te** of **om te** gebruik, bv.
- Dis lekker **om te swem**. (Die infinitief is swem.)
  - (**Om te**) **Slaap** is noodsaaklik vir goeie gesondheid. (Die infinitief is slaap.)

**Aantonende / aanwysende wyse**

- ✓ Dit stel 'n handeling as **werklikheid** voor in die hede, verlede en toekoms, bv. Ek eet 'n peer OF Ek sal 'n peer eet.

**Aanvoegende / toevoegende wyse**

- ✓ Die handeling is nie soos by die aantonende wyse 'n werklikheid nie, maar 'n **moontlikheid, waarskynlikheid of wenslikheid ('n wens of versugting)**, bv. Hy mag dalk die werkstuk voltooi./ Hy sal seker nog die werkstuk voltooi./ Miskien/ Dalk/ voltooi hy die werkstuk.

**Gebiedende wyse**

- ✓ Die handeling word as 'n **bevel, verlange, bede** of **versoek** voorgestel, bv. Was die hond! Laat my asseblief gaan!  
**(Die uitroepteken is belangrik by die gebiedende wyse.)**

**Vraende wyse**

- ✓ Dit word deur 'n **vraagsin** aangedui, bv. Sal julle die werk doen? **(Die vraagteken is belangrik by die vraende wyse.)**

## Kritiese taalbewustheid

<b>FEIT</b>	Stelling wat bewys kan word of wat op navorsing gegrond is, bv. Die span het vyf doele aangeteken.
<b>MENING</b>	'n Persoon se persoonlike opinie / standpunt oor 'n saak, bv. Wiskunde is die moeilikste vak op skool.
<b>SOSIO-POLITIEKE EN KULTURELE AGTERGROND VAN TEKS EN OUTEUR</b>	In 'n teks word sosiale werklikhede en kulturele verskynsels weergegee, bv. Die roman <i>Vaselinetjie</i> voer lesers na die wêreld van die kinderhuise waar die outeur, Anoeska von Meck, voorheen gewerk het.
<b>DIE INVLOED WAT SELEKSIE EN WEGGLATING OP BETEKENIS HET</b>	In 'n teks word sommige inligting doelbewus ingesluit om positiewe aspekte te beklemtoon of 'n standpunt te ondersteun, terwyl inligting wat dit nie ondersteun nie, verswyg/weggelaat word. Hierdie "tegniek" word dikwels in toesprake en advertensies gebruik. Die spreker/skrywer se voorkeure of houding teenoor die onderwerp kan uit sy/haar seleksie van inligting afgelei word.
<b>MANIPULERENDE TAAL</b> - hierdie begrip verwys na die taalgebruik wat adverteerders ( <b>Vraag 3 – advertensie</b> ) gewoonlik gebruik om mense te oortuig (te manipuleer) om 'n produk te koop. Manipulerende taal wil ons oortuig om in die skrywer of spreker se standpunt te glo.	<i>"Hierdie tandepaste is die ongelooflikste produk vir die witste tande onder die son!"</i>
<b>EMOTIEWE TAAL/GEVOELSTAAL en NEUTRALE TAAL</b>	Ons gebruik soms woorde wat oordrewe emosie aandui. Nadat hy twee dae lank gestap het, sal iemand dalk sê sy voete is <b>vodde</b> (in plaas van <b>moeg</b> ). Die woord <b>vodde</b> laat die hoorder onmiddellik voel hoe erg seer / stukkend / moeg die spreker se voete is. Die woorde seer / stukkend / moeg beteken dieselfde as vodde, maar druk nie so 'n sterk emosie uit nie – dit word neutrale taal/woorde genoem.
<b>STEREOTIPERING</b> - stereotipering is 'n vereenvoudigde en veralgemeende idee wat mense oor iets, iemand of 'n groep het en daarmee volhard, ongeag wat die waarheid is.	<i>"Tieners is 'n onverantwoordelike groep kinders."/ "Vroue se plek is in die kombuis."/ "Mans mag nie huil nie."/ "Kapenaars kan net vis belowe."/ "Sy sal nie verstaan nie, sy is 'n blondine".</i>
<b>VOORoordeel</b> - dit is wanneer daar 'n vooropgestelde idee/wanbegrip bestaan oor 'n spesifieke groep mense of 'n individu. Hierdie wanbegrip berus gewoonlik nie op feite/kennis nie en is baie keer onredelik.	<i>"Ek sal versigtig wees om te glo wat hy sê, want hy is 'n politikus!"</i>

<b>PARTYDIGHEID</b> - dit is wanneer die geneigdheid ontstaan om kant te kies vir of teen iets of iemand; die neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel.	<i>“Ek gaan vir Sarel as klasleier stem, want hy sal sorg dat ons pouses langer en die periodes korter is.”</i>
<b>DENOTASIE</b> - denotasie dui op die gewone/ letterlike/ saaklike en objektiewe betekenis van 'n woord.	<i>“Die vliegtuig is in die wolke.” = Dit vlieg deur die wolke.</i>
<b>KONNOTASIE</b> - konnotasie dui op die ongewone /afgeleide/ figuurlike betekenis van 'n woord.	<i>“Hy is in die wolke.” = Hy is baie opgewonde/bly oor iets.</i>
<b>GEÏMPLISEERDE BETEKENIS</b> - 'n verskuilde/ indirekte boodskap/	<i>“As ek tussen blomkool en patats moet kies, verkies ek eerder pampoen.”</i>
<b>AFLEIDINGS</b>	'n gevolgtrekking maak, 'n oordeel uitspreek of 'n besluit neem ná deeglike oorweging, beredenering of debattering
<b>AANNAMES</b>	Bewerings, standpunte, perspektiewe, menings, sienings
<b>ARGUMENTE</b>	rede(s) verskaf om 'n idee, handeling of teorie te ondersteun.

## OEFENINGE

**LET WEL:** Die syfer tussen blokhakies [ ] ná sommige vrae dui die bladsy aan waar die leerwerk oor daardie taalaspek voorkom.

### OEFENING 1: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1 **Tel jy kalorieë**  
2 **maar jy brand**  
3 **om te braai?**

4 Die goeie nuus is dat jy maar  
5 kan braai sonder om skuldig te  
6 voel oor al die kalorieë. Voeg net  
7 sampioene by. Hulle is vleisagtig,  
8 ryk aan umami\* en hulle sorg vir  
9 'n heerlike, gesellige braaifees.

10 Dit is ook 'n puik bron van proteïene en vesel  
11 – dit laat jou langer versadig voel EN is laag  
12 genoeg in kalorieë om die kurwes in toom te  
13 hou! Een koppie rou sampioene bevat slegs  
14 20 kalorieë, bevat geen vet en cholesterol nie  
15 en het 'n lae soutinhoud.

16 **Sampioene is die perfekte braaimaats, want**  
17 **hulle hou die vleis- en groente-eters in die**  
18 **gesin gelukkig.**

Volg ons op:



Fresh

@freshmushroomssa



MushroomsSA

[www.mushroominfo.co.za](http://www.mushroominfo.co.za)

\*umami is 'n Japannese woord wat na 'n vyfde smaaksensasie verwys.

[Bron: **Weg**, 1 September 2019]

- 1.1. Verdeel die woord kalorieë (reël 1) in lettergrepe. [8] (1)
- 1.2. In reël 2 word die woord brand konnotatief gebruik. Gebruik dié woord denotatief in 'n verduidelikende sin. [23] (1)
- 1.3. Waarom is die gebruik van die voornaamwoord "jy" in reël 1 en 2 funksioneel? (1)
- 1.4. Wat beteken die agtervoegsel -agtig in die woord vleisagtig (reël 7)? [7] (1)
- 1.5. Is die woord umami (reël 8) 'n leenwoord of 'n nuutskepping? [4] (1)
- 1.6. Skryf die manipulerende woorde wat in reël 10 tot 12 voorkom, neer. [22] (2)
- 1.7. Die uitdrukking "is laag genoeg in kalorieë" (reël 11 en 12) is anglisisties. Vervang hierdie anglisisme met 'n gepaste Afrikaanse stelwysie wat in die konteks van die advertensie sal pas. [4] (1)
- 1.8. Skryf 'n voorbeeld van 'n maatnaam uit reël 13 tot 14 neer. [14] (1)
- 1.9. Herskryf die onderstreepte sinsdeel in reël 17 tot 18 in die lydende vorm. [20] (1)
- 1.10. (1)
- 1.10.1. Wie is die teikenleser van hierdie advertensie? (1)
- 1.10.2. Skryf die sinsdeel in die advertensie waardeur die teikenleser aangedui word, neer. (1)
- 1.10.3. Op watter manier word hierdie frase (die antwoord by 1.10.2) in die teks beklemtoon? (1)
- 1.10.4. Watter emosionele voordeel hou sampioene volgens die advertensie vir die teikenleser in? (1)
- 1.11. Skryf twee emotiewe woorde neer wat gebruik word om die voordele van sampioene aan te dui. [22] (2)
- [16]

## OEFENING 2: VISUELE TEKSTE (STROKIESPRENTE)

Lees en kyk die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg



[Bron: *Die Burger*, 14 Desember 2018]

## Hägar

### RAAM 4

MANNE, ONS GAAN MÔRE ITALIË  
INVAL! MAAR VOORDAT ONS DIT  
DOEN, WIL EK HÊ JULLE MOET  
GOED VOORBEREID WEES!



### RAAM 5


HY GAAN ONS LEER OM SPAGHETTI  
TE EET!



## NEELSIE

### RAAM 6

Meneer, sal Meneer asseblief so  
gaaf wees om vir my 'n getuigskrif  
te skryf?



### RAAM 7

Nou goed.



### RAAM 8

Maar onthou net; dis 'n  
lieg storie dat ek die eerste  
kwartaal probeer het om die  
skool af te  
brand!



- 2.1. Herskryf die sin in raam 1 in die indirekte rede. Begin so: Zits sê ... [20] (1)
- 2.2. Word die "80 boodskappe" in Raam 2 word denotatief of konnotatief gebruik? [23] (1)
- 2.3. Watter aanname kan uit die tweede sin in Raam 2 gemaak word? [23] (1)
- 2.4. Watter gevoel kan uit Zits se handgebaar in Raam 3 afgelei word? (1)
- 2.5. Skryf een woord neer wat, binne die konteks van oorlogvoering, in die plek van "goed voorbereid" (Raam 4) gebruik kan word. (1)
- 2.6. Wat is die rede vir die gebruik van die komma in die tweede sin van Raam 4? [10] (1)
- 2.7. Skryf die voorwerp van die sin in Raam 5 neer. [18] (1)
- 2.8. Hoe word Italianers in Raam 5 gestereotipeer? [22] (1)
- 2.9. Kyk weer na raam 5 en voltooi dan die idoom wat beteken "om te eet":  
*die ... versterk.* (1)
- 2.10. Watter woorde gebruik Neelsie in Raam 6 om die onderwyser te manipuleer? [22] (2)



- 2.11. (1)
- 2.11.1. Watter leesteken behoort die kommapunt in Raam 8 te vervang? **[11]** (1)
- 2.11.2. Gee 'n rede waarom daardie leesteken (jou antwoord by 2.12.1) gebruik moet word. (1)
- 2.12. Watter visuele bewys is daar in Raam 8 dat Neelsie meer manipulerend optree? **[22]** (1)
- [14]**

### OEFENING 3: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<b>Nee vir honde op die skoot</b>	
	Werner Zybrands, Hermanus
<b>1</b>	Oor die berig oor Santi Venter wat 'n boete opgelê is <u>omdat haar hond, Pokkel, langs haar in haar motor gesit het</u> :
<b>2</b>	<u>Ek sien dikwels bestuurders met 'n hond op die skoot.</u> Dis veral sulke wit, wollerige woewe.
<b>3</b>	Soms <u>is</u> die hond se pote op die stuurwiel en soms hang sy kop by die oop venster uit sodat die bestuurder beslis nie die <u>kantspieël</u> kan gebruik vir die doel <b>(3.7)</b> ... dit aangebring is nie.
<b>4</b>	Indien dit nie 'n <u>oortreding</u> is nie, behoort dit een te word. Dis <u>gevaarliker</u> as om op 'n selfoon te gesels.
<b>5</b>	In sommige dele van die land word mense wat ry en op hul selfoon gesels, swaar gestraf en die selfoon <u>summier</u> gekonfiskeer. Dalk is die owerhede bekommerd oor wat om met al die gekonfiskeerde honde te doen?
	<b>[Beeld, 24 Desember 2019]</b>

- 3.1. Benoem die onderstreepte bysin in paragraaf 1. **[19]** (1)
- 3.2. Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 2 in die ONTKENNENDE vorm neer. **[19]** (1)
- 3.3. Gee die rede vir die gebruik van die komma in die tweede sin in paragraaf 2. **[10]** (1)
- 3.4. Benoem die woordsoortelikheid van die onderstreepte woord is (paragraaf 3) volledig. **[12]** (1)
- 3.5. In paragraaf 3 word die woord beslis as 'n bywoord van modaliteit gebruik. Gebruik dié woord nou as 'n selfstandige werkwoord in 'n sin van jou eie. **[12]** (1)
- 3.6. Gebruik die bepaler van die samestelling kantspieël (paragraaf 3) as kern in 'n ander samestelling. **[6]** (1)
- 3.7. Skryf die betreklike voornaamwoord wat in paragraaf 3 ontbreek, neer. **[16]** (1)
- 3.8. Skryf die verkleiningsvorm van die woord oortreding (paragraaf 4) neer. **[14]** (1)
- 3.9. Skryf die oortreffende trap van die woord gevaarliker (paragraaf 4) neer. **[15 & 16]** (1)
- 3.10. Watter klankverskynsel sal voorkom indien die woord gevaarliker as *gevaaliker* uitgespreek word? **[8]** (1)
- 3.11. Gee 'n sinoniem vir die woord summier (paragraaf 5). **[5]** (1)
- 3.12. Die tweede sin van paragraaf 5 is 'n vraagsin in die aanvoegende wyse. Herskryf dié sin as 'n stelsin in die aantonnende wyse. (1)
- [12]**

## VOORGESTELDE ANTWOORDE VAN OEFENINGE

**LET WEL:** By sommige antwoorde is ekstra verduideliking verskaf sodat jy die vraag beter kan verstaan.

### Oefening 1

- 1.1. ka-lo-rie-ë (1)  
(Indien hierdie woord in klankgrepe verdeel word, sal die antwoord *ka-lo-ri-e* wees.)
- 1.2. bv. Die vuur brand. (1)  
(*Onthou: denotasie/ denotatiewe betekenis verwys na die letterlike, terwyl konnotasie/konnotatiewe betekenis na die figuurlike verwys.*)
- 1.3. Die leser word direk aangespreek./ Dit maak die advertensie persoonlik/ informeel. (1)  
(*Die woord 'jy' is 'n persoonlike v.nw.*)
- 1.4. soos (1)
- 1.5. leenwoord (1)
- 1.6. "puik", "versadig"  
"laag" (*Enige twee woorde*) (2)
- 1.7. bv. bevat min genoeg kalorieë (1)
- 1.8. koppie (1)
- 1.9. Die vleis- en groente-eters in die gesin word deur hulle gelukkig gehou. (1)  
(Onderwerp: hulle; Gesegde: hou gelukkig; Voorwerp: die vleis-en groente-eters.  
Die sin is in die teenwoordige tyd geskryf.)
- 1.10.
- 1.10.1. Mense wat sukkel om hul gewig te beheer./ Mense wat gesond wil eet. (1)
- 1.10.2. "om die kurwes in toom te hou" (1)
- 1.10.3. deur die uitroepteken (1)
- 1.10.4. Jy sal nie skuldig voel nie. (1)
- 1.11. "gesellige"✓ (braaifees); "perfekte"✓ (braaimaats) (2)

[16]

### Oefening 2

- 2.1. Zits sê dat hy nie die vorige aand kon slaap nie. OF Zits sê hy kon nie die vorige aand slaap nie. (1)
- 2.2. konnotatief (1)
- 2.3. Twee glase warm melk sal sorg dat hy beter slaap. (1)
- 2.4. Hy is moedeloos/ moedeloosheid (1)
- 2.5. slaggereed (1)
- 2.6. Die komma word geplaas tussen twee werkwoorde wat aan af= sonderlike gesegdes behoort. (1)
- 2.7. om spaghetti te eet (1)
- 2.8. Die idee word geskep dat alle Italianers spaghetti eet. (1)
- 2.9. die **innerlike** versterk. (1)
- 2.10. "asseblief" ; "so gaaf wees"; Hy herhaal die woord "Meneer" (*Enige twee*) (2)
- 2.11.
- 2.11.1. dubbelpunt (1)
- 2.11.2. Na die dubbelpunt volg 'n verdui= deliking/uitbreiding van wat onthou moet word. (1)
- 2.12. Hy wys met sy vinger. (1) [14]

### Oefening 3

- 3.1. bywoordelike bysin (van rede) (1)
- 3.2. Ek sien nie dikwels bestuurders met 'n hond op die skoot nie. (1)
- 3.3. Die komma word gebruik tussen 'n reeks byvoeglike naamwoorde. (1)
- 3.4. selfstandige werkwoord. (1)
- 3.5. bv. Die hof beslis dat die kind by haar ma moet gaan bly. (1)
- 3.6. bv. waterkant/ sykant/ straatkant (*Enige een*) (1)
- 3.7. waarvoor (1)
- 3.8. oortredinkie (1)
- 3.9. (die) gevaarlikste (1)
- 3.10. klankweglating (1)
- 3.11. onmiddellik / dadelik / onverwyld (1)
- 3.12. Die owerhede is bekommerd oor wat om met al die gekonfiskeerde honde te doen. (1)

[12]

## GEDIGTE

### LITERÊRE KONSEPTE WAT JY MOET KEN

letterlik	klimaks	kontras	sinekdogee	versreëls
figuurlik	antiklimaks	litotes	sinestesia	enjambement
tema	antitese	satire	sinspeling	strofe
boodskap	antonomasia	metonimia	woordspeling	halfrym
beeldspraak	elisie	oksimoron	repetisie	eindrym
stylfigure	eufemisme	onomatopie	pouse	puntuasie
vergelyking	hiperbool	paradoks	woordkeuse	klankeffekte
metafoor	humor	sarkasme	klank	polisindeton
personifikasie	ironie	simboliek	stemming	assonansie

---

### Vincent van Gogh (DJ Opperman)

1. Jy het as 'n miskende
2. heilige vergeefs geveg teen die ellende
3. en die onreg in die krotte van die myn,
4. in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
5. en skriklike stryd van God
6. leer ken, wat mens en boom verknot
7. in Sy kramptreкке; maar eers toe jy die koringgerwe
8. in aanbidding van die son kon verwe,
9. boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
10. die kantelende landskap in die snelle ligte
11. geel en groen en blou – alles met koorsige gevele
12. tot branding van die skone kon verwek,
13. toe is Sy hartstog eers in jou volbring
14. soos groen sypresses tot 'n vlam verwring.

*(Uit: Heilige beeste, 1947)*

---

### Opstelvraag 1

DJ Opperman gebruik spesifieke woorde en beelde om Vincent van Gogh as geestelike werker en skilder uit te beeld.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde.

[10]

## Benadering tot die opstelvraag

1. **Ontleed die vraag** om seker te maak jy gaan **al die vereistes** insluit.

**DJ Opperman gebruik spesifieke woorde en beelde om Vincent van Gogh as geestelike werker en skilder uit te beeld.**

*In die inhoudsgedeelte van hierdie opstel, moet ek oor die volgende skryf:*

- *woorde wat van Gogh as geestelike werker uitbeeld, bv. “miskende/heilige” (r.1 & 2)*
  - *beelde (= beeldspraak en stylfigure) wat Van Gogh as geestelike werker uitbeeld, bv. oksomoron in “miskende/ heilige (r.1 & 2)*
  - *woorde wat van Gogh as skilder uitbeeld, bv. “kon verwe”( r. 8)*
  - *beelde (= beeldspraak en stylfigure) wat Van Gogh as skilder uitbeeld, bv. polisindeton in r. 11*
2. **Onderstreep aanhalings** in die gedig wat jy as bewyse in jou opstel kan gebruik. (Terloops, jy moet ten minste 3 tot 4 versdele of versreëls aanhaal).
    - *aanhalings van woorde en beelde wat by Van Gogh as geestelike werker pas, bv. “geveg teen die ellende” (r. 2); “die pyn/ en skriklike stryd van God” (r. 3 & 4)*
    - *aanhalings van woorde en beelde wat by Van Gogh as skilder pas, bv. “koringgerwe/ in aanbidding van die son” (r. 7 & 8); “boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,” (r. 9); “die kantelende landskap” (r. 10)*
  3. **Skryf jy die opstel na gelang van die vraag.** (eers rofwerk)  
*Die woorde en aanhalings (nrs. 1 en 2 hierbo) moet nou vertolk en in samehangende sinne saamgevoeg word.*  
*In jou antwoord moet jy ook die rol wat verstegniiese middele (literêre aspekte) in hierdie uitbeelding van Van Gogh speel, verduidelik.*
  4. **Gebruik die volgende skryfwyses:** (let op die aksiewoorde)
    - **Die spreker noem reeds in die titel bv. “Vincent Van Gogh”...**
    - **In reël 1 en 2 sê hy dat bv. “miskende/ heilige” ...**  
(Let Wel: Die skuinsstreep in hierdie aanhaling dui die skeiding tussen twee versreëls aan.)
    - **Begin met die aanhaling: bv. “soos groen sipresse” wys daarop dat ...**
  5. **Jou opstel moet die volgende formaat hê:**
    - **Inleidende sin**
    - **Ten minste 3 tot 4 paragrawe** (Die aantal paragrawe word bepaal deur die vereistes van die vraag. Jy kan die strofes as paragrawe gebruik OF jou eie verdeling maak indien dit bv. 'n sonnet is. Volgens nr. 2 hierbo, gaan die inhoudsgedeelte van hierdie opstel uit vier paragrawe bestaan.
    - **Slotsin**

---

## Opstelvraag 2

In die gedig *Vincent Van Gogh* verdeel die spreker Van Gogh se lewe, en dus ook die gedig, in drie duidelik onderskeibare fases.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde.

[10]

## ONTLEDING VAN KONTEKSTUELE VRAE

Net soos by die opstelvraag, moet jy ook elke onderafdeling van die kontekstuele vraag ontleed om seker te maak dat jy die korrekte feite neerskryf.

Kom ons ontleed enkele kontekstuele vrae oor die gedig *Vincent van Gogh*

### 1.1. Dink jy die tipografiese skeiding van "miskende" en "heilige" is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes.

*Dink jy = Jy moet jou mening gee. Die antwoord op 'n vraag soos hierdie sal begin met "JA" of "NEE". Daarna moet jy twee redes vir jou antwoord gee. Onthou: die redes moet pas by die "JA" of die "NEE" wat jy aan die begin neergeskryf het.*

*tipografiese skeiding = die feit dat die twee woorde nie in dieselfde versreël voorkom nie, maar in twee afsonderlike reëls*

*Is dit funksioneel? = Dien dit 'n doel? Help dit om die gedig se boodskap beter oor te dra?*

### 1.2. Watter woord dui die wending in die gedig aan? In watter TWEE opsigte sluit die inhoud by dié wending aan?

*wending = verandering of ommekeer; Dit word dikwels deur die woord "maar" aangedui: dit wat voor die woord "maar" staan, verskil van dit wat daarna voorkom.*

*In watter TWEE opsigte = Twee aspekte van die inhoud VOOR die wending ("maar") wat verskil van die inhoud NA die wending (na "maar").*

*sluit die inhoud by dié wending aan? = Daar is in die inhoud ( die dele VOOR en NA die wending) ook 'n verandering*

### 1.3. Waarom kan ons sê dat versreël 13 die tema van die gedig ondersteun?

*Jy moet weet wat die tema van die gedig is en dan moet jy verduidelik waarom r. 13 (op grond van die inhoud en betekenis van die reël ) die tema ondersteun.*

*ondersteun = ooreenstem met die tema of die tema versterk.*

*Die tema van 'n gedig kan gewoonlik deur een woord/ saak/ begrip saamgevat word. Die boodskap van die gedig verwys na die les wat in die teks oor daardie saak/begrip oordgedra word.*

**'n brief van hulle vakansie** (Breyten Breytenbach)

*vir oubaas:*

1. Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
2. oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
3. die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
4. op die knieë van hul Gij Here God lê;
  
5. noudat ek agter 'n baard kou kan ek huil
6. as hulle snags my naam fluister met die ruite
7. donker knippende oë in die wind, oor die visolie
8. vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak
  
9. In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
10. en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
11. in 'n kortbroek en speel krieket op die duine
12. en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis
  
13. want hys 'n bokser dokter boer
14. 'n kaptein en 'n held 'n indoena tussen grysaards –
15. En as die reën soos 'n gesluerde bruid oor die see kom
16. word die lieflinghond (Trixie) lam;
  
17. drie dae veg die veearts en buig dan die knie
18. en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
19. die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
20. 'n soenoffer in die diep grond se skoot
  
21. want nou is hulle minnaars
22. stil bome in die najaar met die wind
23. strelende drome in die takke
24. onder komete leeftye lang wêrelde
  
25. My ooms sterf soos kapok in die son
26. hartaanval beroerte kanker en tering
27. en my pa word stiller en meer verskriklik
28. van dop tot dop
  
29. Hier waar die harde winters en nat somers
30. my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
31. die soet hart van my moeder
32. my pa se stil en bitter krag

*(Uit: die ysterkoei moet sweet, 1964)*

Ontleed nou op jou eie die onderstaande kontekstuele vrae oor bostaande gedig:

2.

- 2.1. Hoe sluit versreël 1 en versreël 5 bymekaar aan ten opsigte van die spreker se ouderdom en watter afleiding maak jy uit die feit dat beide reëls met “noudat” begin? (3)
- 2.2. Sou jy sê dat die metafoor in versreël 22 effektief gebruik word? Motiveer jou antwoord en sê ook wat die verband tussen die woord “Stilbaai” en versreël 22 is. (2)
- 2.3. Wat is die funksie van die subtitel in die gedig? Sê ook watter stemming uit die naamgewing in die subtitel spreek. (2)
- 2.4. Gee TWEE moontlike betekenis van die nuutskepping in versreël 2. (2)

---

Hiermee word alle medewerkers en bronne erken, veral

- die Afrikaansvakadviseurs in die Wes-Kaap
- Me Lucia Petersen, Afrikaansvakadviseur in die Metropool-Suid Onderwysdistrik, vir haar waardevolle inligting oor Kritiese Taalbewustheid
- Mnr Mario Ackermann, Afrikaansvakadviseur in die Eden en Sentraal-Karoo Onderwysdistrik, vir sy verwerking van die Hersiening 2019-boekie